

REPUBLIEK
VAN
SUID-AFRIKA



REPUBLIC
OF
SOUTH AFRICA

Staatskoerant Government Gazette

R1,00 Prys • Price
R0,10 Plus 10% BTW • VAT
R1,10 Verkoopprijs • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

*Regulasiekoerant
Regulation Gazette*

No. 4887

Vol. 324

PRETORIA, 19 JUNIE 1992
JUNE

No. 14050

PROKLAMASIE

*van die
Staatspresident
van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 54, 1992

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGSWET OP DIE ORDONNANSIE OP DIE KAPITAALONTWIKKELINGSFONDS VAN PLAASLIKE BESTURE (TRANSVAAL) (VOLKSRAAD), 1991 (WET No. 37 VAN 1991)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 13 van die Wysigingswet op die Ordonnansie op die Kapitaalontwikkelingsfonds van Plaaslike Besture (Transvaal) (Volksraad), 1991 (Wet No. 37 van 1991), bepaal ek hierby die datum waarop hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant* gepubliseer word as die datum waarop genoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Drie-entwintigste dag van Desember Eenduisend Negehoonderd Een-en-negentig.

F. W. DE KLERK,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade (Ministersraad van die Volksraad):

H. J. COETSEE,
Minister van die Ministersraad van die Volksraad.

378—A

PROCLAMATION

*by the
State President
of the Republic of South Africa*

No. R. 54, 1992

DATE OF COMMENCEMENT OF THE LOCAL AUTHORITIES CAPITAL DEVELOPMENT FUND ORDINANCE AMENDMENT ACT (TRANSVAAL) (HOUSE OF ASSEMBLY), 1991 (ACT No. 37 OF 1991)

Under the powers vested in me by section 3 of the Local Authorities Capital Development Fund Ordinance Amendment Act (Transvaal) (House of Assembly), 1991 (Act No. 37 of 1991), I hereby fix the date on which this Proclamation is published in the *Gazette* as the date on which the said Act shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-third day of December, One thousand Nine hundred and Ninety-one.

F. W. DE KLERK,
State President.

By Order of the State President-in-Council (Ministers' Council of the House of Assembly):

H. J. COETSEE,
Minister of the Ministers' Council of the House of Assembly.

14050—1

PROKLAMASIE*van die***Waarnemende Staatspresident
van die Republiek van Suid-Afrika****No. R. 55, 1992**

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE DISPUTE TUSSEN DIE REGERINGS, PLAASLIKE REGERINGS, TRADISIONELE LEIERS EN DIE MENSE VAN GAZANKULU EN LEBOWA IN VERBAND MET DIE ONDERSKEIE GEBIEDE WAAROP HULLE WETGEWENDE VERGADERINGS EN STAMOWERHEDE JURISDIKSIE HET

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 van die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947), verklaar ek hierby dat die bepalings van daardie Wet van toepassing is op die Kommissie van Onderzoek na die dispute tussen die Regerings, Plaaslike Regerings, Tradisionele Leiers en die mense van Gazankulu en Lebowa in verband met die onderskeie gebiede waarvoor hulle Wetgewende Vergaderings en Stamowerhede jurisdiksie het en vaardig ek hierby die Regulasies (Afrikaans en Engels) in die Bylae vervat met betrekking tot genoemde Kommissie uit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Johannesburg, op hede die Agste dag van Junie Eenduisend Negehoenderd Twee-en-negentig.

R. F. BOTHA,

Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-Kabinet:

D. J. DE VILLIERS,

Minister van die Kabinet.

**BYLAE
REGULASIES**

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“**beampte**” iemand wat in die voltydse diens van die Staat is en wat aangestel of aangewys is om die Kommissie by die verrigting van sy werksaamhede behulpsaam te wees;

“**dokument**” ook ’n boek, pamflet, aantekening, lys, omsendbrief, plan, plakkaat, aanplakbiljet, publikasie, tekening, foto of prent;

“**Kommissie**” die in hierdie proklamasie bedoelde Kommissie van Onderzoek na die dispute tussen die Regerings, Plaaslike Regerings, Tradisionele Leiers en die mense van Gazankulu en Lebowa in verband met die onderskeie gebiede waarvoor hulle Wetgewende Vergaderings en Stamowerhede jurisdiksie het;

“**ondersoek**” die ondersoek wat deur die Kommissie ingestel word;

“**perseel**” ook grond of ’n gebou, bouwerk, gedeelte van ’n gebou of bouwerk, voertuig, vervoermiddel, vaartuig of lugvaartuig;

“**voorsitter**” die Voorsitter van die Kommissie.

PROCLAMATION*by the***Acting State President
of the Republic of South Africa****No. R. 55, 1992**

COMMISSION OF INQUIRY INTO THE DISPUTES BETWEEN THE GOVERNMENTS, LOCAL GOVERNMENTS, TRADITIONAL LEADERS AND PEOPLE OF GAZANKULU AND LEBOWA REGARDING THE RESPECTIVE AREAS OVER WHICH THEIR LEGISLATIVE ASSEMBLIES AND TRIBAL AUTHORITIES HAVE JURISDICTION

Under the powers vested in me by section 1 of the Commissions Act, 1947 (Act 8 of 1947), I hereby declare that the provisions of that Act shall be applicable to the Commission of Inquiry into the disputes between the Governments, Local Governments, Traditional Leaders and people of Gazankulu and Lebowa regarding the respective areas over which their Legislative Assemblies and Tribal Authorities have jurisdiction and I hereby make the Regulations (Afrikaans and English) contained in the Schedule with reference to the said Commission.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Johannesburg this eighth day of June, One thousand Nine Hundred and Ninety-two.

R. F. BOTHA,

Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Cabinet:

D. J. DE VILLIERS,

Minister of the Cabinet.

**SCHEDULE
REGULATIONS**

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

“**Chairman**” means the Chairman of the Commission;

“**Commission**” means the Commission of Inquiry into the disputes between the Governments, Local Governments, Traditional Leaders and people of Gazankulu and Lebowa regarding the respective areas over which their Legislative Assemblies and Tribal Authorities have jurisdiction;

“**document**” includes any book, pamphlet, record, list, circular, plan, placard, poster, publication, drawing, photograph or picture;

“**inquiry**” means the inquiry conducted by the Commission;

“**officer**” means a person in the full-time service of the State who has been appointed or designated to assist the Commission in the execution of its functions;

“**premises**” includes any land, building, structure, part of a building or structure, vehicle, conveyance, vessel or aircraft.

2. Die verrigtinge van die Kommissie word genotuleer op die wyse deur die Voorsitter bepaal.

3. (1) Iemand wat aangestel of aangewys is om die verrigtinge van die Kommissie in snelskrif aan te teken of op meganiese wyse op te neem of om sodanige verrigtinge wat aldus aangeteken of opgeneem is, te transkribeer, moet vooraf 'n eed of bevestiging in die volgende vorm aflê:

Ek, A.B., verklaar onder eed/bevestig en verklaar—

(a) dat ek getrou en na my beste vermoë die verrigtinge van die Kommissie van Onderzoek na die dispute tussen die Regerings, Plaaslike Regerings, Tradisionele Leiers en die mense van Gazankulu en Lebowa in verband met die onderkeie gebiede waaroor hulle Wetgewende Vergaderings en Stamowerhede jurisdiksie het in snelskrif sal aanteken/op meganiese wyse sal opneem soos deur die Voorsitter gelas;

(b) dat ek enige snelskrifaantekeninge/meganiese opname van die verrigtinge van genoemde Kommissie deur my of iemand anders gemaak, volledig en na my beste vermoë sal transkribeer.

(2) Geen snelskrifaantekeninge of meganiese opname van die verrigtinge van die Kommissie word getranskribeer nie behalwe op las van die Voorsitter.

4. Elke persoon wat diens doen by die verrigting van die Kommissie se werksaamhede, met inbegrip van iemand in regulasie 3 (1) bedoel, moet ten aansien van enige aangeleentheid of inligting wat by die vervulling van sy pligte in verband met bedoelde werksaamhede tot sy kennis kom, geheimhouding help bewaar, behalwe vir sover bekendmaking van sodanige aangeleentheid of inligting vir die doeleindes van die Kommissie se verslag nodig is, en elke sodanige persoon, behalwe die Voorsitter of 'n beamppte, moet, voordat hy enige diens in verband met die Kommissie verrig, 'n eed van getrouheid of geheimhouding voor die Voorsitter in die volgende vorm aflê en onderteken:

Ek, A.B., verklaar onder eed/bevestig en verklaar dat, behalwe vir sover dit by die uitvoering van my pligte in verband met die werksaamhede van die Kommissie van Onderzoek na die dispute tussen die Regerings, Plaaslike Regerings, Tradisionele Leiers en die mense van Gazankulu en Lebowa in verband met die onderskeie gebiede waaroor hulle Wetgewende Vergaderings en Stamowerhede jurisdiksie het of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof nodig is, ek geen aangeleentheid of inligting wat in verband met genoemde Kommissie se ondersoek tot my kennis kom, aan enigiemand sal meedeel nie en niemand sal toelaat of veroorloof om toegang tot stukke van die Kommissie te verkry nie, met inbegrip van enige aantekening, opname of transkripsie van die verrigtinge van genoemde Kommissie in my besit of bewaring of in die besit of bewaring van genoemde Kommissie of 'n beamppte.

5. Niemand mag enige aangeleentheid of inligting wat in verband met die Kommissie se ondersoek tot sy kennis gekom het, aan iemand anders meedeel of iemand anders toelaat of veroorloof om toegang te verkry tot stukke van die Kommissie nie, behalwe vir sover dit by die uitoefening van sy pligte in verband met die werksaamhede van die Kommissie of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof nodig is.

2. The proceedings of the Commission shall be recorded in the manner determined by the Chairman.

3. (1) Any person appointed or designated to take down or record the proceedings of the Commission in shorthand or by mechanical means or to transcribe such proceedings which have been so taken down or recorded shall at the outset take an oath or make an affirmation in the following form:

I, A.B., declare under oath/affirm and declare—

(a) that I shall faithfully and to the best of my ability take down/record the proceedings of the Commission of Inquiry into the disputes between the Governments, Local Governments, Traditional Leaders and people of Gazankulu and Lebowa regarding the respective areas over which their Legislative Assemblies and Tribal Authorities have jurisdiction in shorthand/by mechanical means as ordered by the Chairman of the Commission;

(b) that I shall transcribe fully and to the best of my ability any shorthand notes/mechanical record of the proceedings of the said Commission made by me or by any other person.

(2) No shorthand notes or mechanical record of the proceedings of the Commission shall be transcribed except by order of the Chairman.

4. Every person employed in the execution of the functions of the Commission, including any person referred to in regulation 3 (1), shall help to preserve secrecy with regard to any matter or information that may come to his knowledge in the performance of his duties in connection with the said functions, except in so far as the publication of such matter or information is necessary for the purposes of the report of the Commission, and every such person, except the Chairman or any officer, shall, before performing any duty in connection with the Commission, take and subscribe before the Chairman an oath of fidelity or secrecy in the following form:

I, A.B., declare under oath/affirm and declare that except in so far as it is necessary in the performance of my duties in connection with the functions of the Commission of Inquiry into the disputes between the Governments, Local Governments, Traditional Leaders and people of Gazankulu and Lebowa regarding the respective areas over which their Legislative Assemblies and Tribal Authorities have jurisdiction, or by order of a competent court, I shall not communicate to any person any matter or information which may come to my knowledge in connection with the inquiry of the said Commission, or suffer or permit any person to have access to any records of the Commission, including any note, record or transcription of the proceedings of the said Commission in my possession or custody or in the possession or custody of the said Commission or any officer.

5. No person shall communicate to any other person any matter or information which may have come to his knowledge in connection with the inquiry of the Commission, or suffer or permit any other person to have access to any records of the Commission, except in so far as it is necessary in the performance of his duties in connection with the functions of the Commission or by order of a competent court.

6. Die Voorsitter of 'n beampte deur die Voorsitter in die algemeen of spesiaal daartoe gemagtig, moet 'n getuie wat voor die Kommissie verskyn, 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging afneem.

7. (1) Indien 'n persoon wat getuie is voor die Kommissie afgelê het of aflê of wat opgeroep is om aldus getuie af te lê, die Kommissie aldus versoek, kan die Voorsitter gelas dat niemand die naam of adres van sodanige persoon of enige inligting wat waarskynlik sy identiteit sal openbaar, op enige wyse hoegenaamd bekend maak nie.

(2) Niemand mag 'n bepaling van 'n lasgewing bedoel in subregulasie (1) oortree nie.

8. 'n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, kan deur 'n persoon in kruisverhoor geneem word slegs indien die Voorsitter sodanige kruisverhoor deur daardie persoon toelaat omdat die Voorsitter dit in belang van die werksaamhede van die Kommissie nodig ag.

9. 'n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, kan na goeddunke van die Voorsitter en op die wyse wat hy bepaal, deur 'n advokaat of prokureur bygestaan word.

10. 'n Beampte, prokureur of advokaat deur die Voorsitter daartoe aangewys, kan by die aanhoor van getuie by die ondersoek aanwesig wees en getuie en argumente wat op die ondersoek betrekking het, aanvoer.

11. Wanneer die Kommissie op getuie of inligting aan hom voorgelê, oortuig is dat die Kommissie se ondersoek enige bestaande, ingestelde of hangende regsproses of enige ondersoek wat ingevolge die bepalings van enige wet ingestel is, nadelig kan raak, word getuie wat relevant is tot sodanige regsproses of ondersoek op so 'n wyse deur die Kommissie hanteer dat daardie regsproses of ondersoek nie daardie nadelig geraak word nie.

12. Die Voorsitter of 'n beampte kan vir doeleindes van die ondersoek te alle redelike tye enige perseel betree en besigtig en enige dokument wat op sodanige perseel is, opeis en in beslag neem.

13. Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die Voorsitter—

- (a) 'n dokument wat in verband met die ondersoek deur enige persoon aan die Kommissie voorgelê is, versprei of die inhoud of 'n gedeelte van die inhoud van so 'n dokument publiseer nie; of
- (b) enige dokumente, met inbegrip van enige verklaring, wat bestem is om aan die Voorsitter voorgelê te word, insien of onderwyl dit na die Voorsitter geneem of aan hom versend word, onderskep nie.

14. Niemand mag, behalwe vir sover dit by die uitvoering van die Kommissie se opdrag nodig is, die verslag van die Kommissie of 'n afskrif of 'n gedeelte daarvan of inligting met betrekking tot die oorweging van getuie deur die Kommissie publiseer of aan iemand anders verstrek nie voordat die Staatspresident die verslag vir publikasie beskikbaar gestel het of die verslag in die Parlement ter tafel gelê is.

15. Niemand mag die Voorsitter beledig, neerhaal of verkleiner of die verrigtinge of die bevindings van die Kommissie benadeel, beïnvloed of vooruitloop nie.

6. The Chairman or an officer generally or specially authorised thereto by the Chairman shall administer an oath to or accept an affirmation from any witness appearing before the Commission.

7. (1) If any person who gave or is giving evidence before the Commission or who has been summoned so to give evidence so requests the Commission, the Chairman may direct that no person shall publish in any manner whatsoever the name or address of such person or any information likely to reveal his identity.

(2) No person shall contravene any provision of a directive referred to in subregulation (1).

8. Any witness appearing before the Commission may be cross-examined by a person only if the Chairman permits such cross-examination by such person because the Chairman deems it necessary in the interest of the functions of the Commission.

9. Any witness appearing before the Commission may, in the discretion of the Chairman and in such manner as may be determined by him, be assisted by an advocate or an attorney.

10. An officer, attorney or advocate designated thereto by the Chairman may be present at the hearing of evidence at the inquiry and may adduce evidence and arguments relating to the inquiry.

11. Whenever the Commission is satisfied upon evidence or information presented to it that the Commission's inquiry may adversely affect any existing, instituted or pending legal proceedings or any investigation instituted in terms of any law, evidence which is relevant to such legal proceedings or investigation shall be dealt with by the Commission in such a manner as not to affect adversely such legal proceedings or investigation.

12. The Chairman or any officer may, for the purposes of the inquiry, at all reasonable times enter and inspect any premises and demand and seize any document which is on such premises.

13. No person shall without the written permission of the Chairman—

- (a) disseminate any document submitted to the Commission by any person in connection with the inquiry or publish the contents or any portion of the contents of such document; or
- (b) peruse any document, including any statement, which is destined to be submitted to the Chairman or intercept such document while it is being taken or forwarded to the Chairman.

14. No person shall, except in so far as may be necessary in the execution of the terms of reference of the Commission, publish or furnish to any other person the report of the Commission or a copy or a part thereof or information regarding the consideration of evidence by the Commission before the State President has released the report for publication or the report has been laid upon the Table in Parliament.

15. No person shall insult, disparage or belittle the Chairman of the Commission or prejudice, influence or anticipate the proceedings or findings of the Commission.

16. Iemand wat—

- (a) die Voorsitter of 'n beampte by die uitoefening van 'n bevoegdheid in regulasie 12 bedoel, opsetlik hinder, teengaan of dwarsboom; of
- (b) 'n bepaling van regulasie 5, 7 (2), 13 of 14 oortree; of
- (c) 'n bepaling van regulasie 15 oortree,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar—

- (i) in die geval van 'n misdryf in paragraaf (a) of (b) bedoel, met 'n boete van hoogstens R200 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande; en
- (ii) in die geval van 'n misdryf in paragraaf (c) bedoel, met 'n boete van hoogstens R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

**ADMINISTRASIE:
VOLKSRAAD**
**DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN
KULTUUR**
No. R. 1641**19 Junie 1992**
**MAGTING VAN SKOLE OM INKOMSTE TE
BEHOU EN VOORSKRIFTE BETREFFENDE SODANIGE INKOMSTE**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (1A) van die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), en met die instemming van die Minister van Begroting, magtig ek, Pieter Gabriel Marais, Minister van Onderwys en Kultuur, hierby alle openbare skole, uitgesonderd nywerheid- en verbeteringskole, onder my gesag, om inkomste soos omskryf in die Bylae te behou en aan te wend vir die bestryding van sodanige skole se uitgawes, en daarvan word rekenskap gegee en daarmee word gehandel volgens die voorskrifte in die Bylae.

Goewermenskennisgewing No. 2037 van 23 Augustus 1991 word hierby ingetrek.

P. G. MARAIS,

Minister van Onderwys en Kultuur.

BYLAE**Woordomskrywings**

1. In hierdie voorskrifte het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“**bedryfsrekening**” 'n bedryfsrekening in paragraaf 2 (1) bedoel;

“**boekjaar**” die tydperk van 1 Januarie tot 31 Desember van enige jaar;

“**die Wet**” die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988);

16. Any person who—

- (a) wilfully hinders, resists or obstructs the Chairman or any officer in the exercise of any power referred to in regulation 12; or
 - (b) contravenes a provision of regulation 5, 7 (2), 13 or 14; or
 - (c) contravenes a provision of regulation 15,
- shall be guilty of an offence and liable on conviction—
- (i) in the case of an offence referred to in paragraph (a) or (b), to a fine not exceeding R200 or imprisonment for a period not exceeding six months; and
 - (ii) in the case of an offence referred to in paragraph (c), to a fine not exceeding R1 000 or imprisonment for a period not exceeding 12 months.

GOVERNMENT NOTICES

**ADMINISTRATION:
HOUSE OF ASSEMBLY**
**DEPARTMENT OF EDUCATION AND
CULTURE**
No. R. 1641**19 June 1992**
**AUTHORIZATION OF SCHOOLS TO RETAIN
REVENUE AND DIRECTIONS RELATING TO SUCH
REVENUE**

Under the powers vested in me by section 2 (1A) of the Exchequer Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), and with the concurrence of the Minister of the Budget, I, Pieter Gabriel Marais, Minister of Education and Culture, hereby authorize all public schools, excluding industrial and reform schools, under my authority, to retain revenue as defined in the Schedule, and to apply it for meeting the expenditure of such schools, and such money shall be accounted for and dealt with in accordance with the directions in the Schedule.

Government Notice No. 2037 of 23 August 1991 is hereby withdrawn.

P. G. MARAIS,

Minister of Education and Culture.

SCHEDULE**Definitions**

1. In these directions any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act, shall have the meaning so assigned to it and, unless the context otherwise indicates—

“**council**” in the application of these directions means a management council referred to in section 15 (a) of the Act;

“**Executive Director**” means an Executive Director of Education referred to in section 4 of the Act;

“**financial year**” means the period from 1 January to 31 December of any year;

“**operating account**” means an operating account referred to in paragraph 2 (1);

"inkomste" inkomste verkry uit—

- (a) geleentheidsverhuring van skoolfasiliteite, insluitende sport- en ander terreine;
- (b) artikels op bestelling vervaardig en herstelwerk op versoek gedoen by spesiale skole, tegniese skole, skole met 'n tegniese studierigting en skole met bedryfskennissentrums en huishoudkundelaboratoriums, mits die uitgawes in verband daarmee waarvoor die skool verantwoordelik, volledig vergoed word; en
- (c) boerderyaktiwiteite by landbouskole en skole met 'n landboustudierigting, mits sodanige inkomste aangewend word ter bestryding van die boerderykoste;

"raad", by die toepassing van hierdie voorskrifte, 'n bestuursraad in artikel 15 (a) van die Wet bedoel;

"skool", by die toepassing van hierdie voorskrifte, 'n openbare skool soos in artikel 1 van die Wet omskryf, uitgesonderd 'n nywerheid- en verbeteringskool; en

"Uitvoerende Direkteur" 'n Uitvoerende Direkteur van Onderwys in artikel 4 van die Wet bedoel.

Bedryfsrekening

2. (1) Elke skool wat inkomste genereer het 'n bedryfsrekening waarvoor die raad verantwoordelik is en waarin inkomste gestort word.

(2) Inkomste in subparagraaf (1) bedoel word slegs aangewend soos in paragraaf 4 (2) bepaal.

Beheer oor inkomste van bedryfsrekening

3. (1) Die raad wys 'n persoon skriftelik aan, hierna die verantwoordelike persoon genoem, as die persoon wat belas is met die ontvangs en verantwoording van gelde wat deur die bedryfsrekening ontvang word.

(2) Alle gelde wat deur 'n bedryfsrekening ontvang word, word onverwyld in rekening gebring deur die uitreiking van 'n genummerde kwitansie in duplikaat wat in numeriese orde in 'n kasboek te boek gestel word.

(3) Geen verandering mag aangebring word op 'n kwitansie nie en indien 'n kwitansie foutief uitgemaak is, word sodanige kwitansie onmiddellik gekanselleer en vir ouditdoeleindes bewaar, waarna 'n nuwe kwitansie in die plek daarvan uitgereik word.

(4) Geen—

- (a) bankwissel, tjek, poswissel, posorder of reistjek ten opsigte waarvan 'n kwitansie nie soos in subparagraaf (2) beoog uitgereik is nie, mag; of
- (b) bankwissel, tjek, poswissel, posorder of reistjek ten opsigte waarvan 'n kwitansie soos in subparagraaf (2) beoog uitgereik is, mag, in die mate waarin die bedrag daarvan meer is as die bedrag waarvoor die kwitansie uitgereik is,

kontant vervang of as kontant handel word nie.

(5) Alle gelde wat deur die bedryfsrekening ontvang word moet in 'n rekening op naam van die betrokke skool by 'n geregistreerde bankinstelling gedeponeer word.

(6) Gelde gedeponeer wat nie vir onmiddellike behoeftes benodig word nie, kan belê word by 'n poskantoor, bouvereniging of geregistreerde bankinstelling.

"revenue" means revenue derived from—

- (a) occasional hiring out of school facilities, including sports and other grounds;
- (b) articles made to order and repairs effected on request at special schools, technical schools, schools with a technical field of study and schools with industrial arts centres and home economics laboratories, provided that the expenses in regard thereto for which the school is responsible, are refunded in full; and
- (c) farming activities at agricultural schools and schools with an agricultural field of study, provided that such revenue shall be used for the defrayal of the farming expenses;

"school" in the application of these directions, means a public school as defined in section 1 of the Act, excluding an industrial and a reform school; and

"the Act" means the Education Affairs Act (House of Assembly), 1988 (Act No. 70 of 1988).

Operating account

2. (1) Every school which generates revenue shall have an operating account for which the council shall be responsible and into which revenue shall be paid.

(2) Revenue referred to in subparagraph (1) shall only be appropriated as provided in paragraph 4 (2).

Control of revenue of operating account

3. (1) A council shall designate in writing, a person, hereinafter referred to as the responsible person, as the person responsible for the receipt of and accountability for moneys received by the operating account.

(2) All moneys received by an operating account shall be charged without delay by the issuing of a numbered receipt in duplicate, which shall be recorded in numerical sequence in a cash book.

(3) No amendment shall be made on a receipt and, if a receipt has been incorrectly issued, such receipt shall immediately be cancelled and kept on file for purposes of auditing, whereafter a new receipt shall be issued in place thereof.

(4) No—

- (a) bankdraft, cheque, money order, postal order or travellers' cheque in respect of which a receipt as contemplated in subparagraph (2) has not been issued, shall; or
- (b) bank draft, cheque, money order, postal order or travellers' cheque for which a receipt as contemplated in subparagraph (2) has been issued shall, to the extent that the amount for which it has been made out exceeds the amount for which the receipt is issued,

take the place of cash or be treated as cash.

(5) All moneys received by the operating account shall be deposited in an account in the name of the school concerned at a registered banking institution.

(6) Moneys deposited which are not required for immediate needs, may be invested at a post office, building society or registered banking institution.

(7) Wanneer 'n gedishonoreerde tjek herdeponeer word of kontant of 'n nuwe tjek ter vervanging daarvan ontvang word, word geen kwitansie uitgereik nie, maar word die herdeposito op 'n afsonderlike depositostrokie, duidelik gemerk "herdeposito", gemaak.

(8) Waar daar 'n tekort in die kontant aan die lig kom, word die bedrag onmiddellik deur die verantwoordelike persoon inbetaal en word 'n aantekening in die betrokke rekeningboek gemaak: Met dien verstande dat indien die raad van oordeel is dat die verantwoordelike persoon nie vir die tekort aanspreeklik gehou behoort te word nie, daarmee ooreenkomstig die bepalinge van paragraaf 6 (1) gehandel word.

(9) Waar daar enige surplus in kontant ontstaan, word die bedrag onmiddellik deur die verantwoordelike persoon deur die uitreiking van 'n kwitansie in die naam van die skoolhoof, in rekening gebring.

(10) Minstens eenmaal per week gaan 'n persoon skriftelik deur die raad aangewys, wat nie die verantwoordelike persoon is nie, alle gelde ontvang na om te verseker dat—

- (a) die kontant voorhande korrek is;
- (b) geen geld wat gebank moes gewees het, teruggehou word nie;
- (c) 'n kwitansie uitgereik is vir elke tjek, bankwissel, poswissel, posorder of reistjek, wat by 'n bankdeposito ingesluit is;
- (d) sodanige gelde waar moontlik op die datum van ontvangs gebank word en enige gelde wat nie aldus gebank kan word nie op die eersvolgende amptelike werkdag gebank word, tensy 'n afwyking van hierdie bepaling deur die raad goedgekeur is op grond van faktore soos die beskikbaarheid van bankfasiliteite, fasiliteite vir die veilige bewaring van geld en die ekonomiese gebruik van vervoer;
- (e) die kasboek daagliks bygehou word en met die kwitansies uitgereik en deposito's gemaak, gerekonsilieer is; en
- (f) die ander bepalinge in hierdie voorskrifte vervat nagekom is.

(11) Die kasboek word maandeliks gebalanseer, met die bankstaat gerekonsilieer en aan die persoon in subparagraaf (10) bedoel vir kontrole voorgelê.

Uitgawes

4. (1) Die Departement is verantwoordelik vir die bestryding van die volgende uitgawes van 'n skool:

- (a) Die vergoeding van personeel in diens van die Departement;
- (b) die voorsiening, instandhouding en vervanging van geboue en opslaangeboue, ten opsigte van die kurrikulêre en buite-kurrikulêre aktiwiteite van die skool;
- (c) die voorsiening, instandhouding en vervanging van uitrusting, ten opsigte van die kurrikulêre en buite-kurrikulêre aktiwiteite van die skool; en
- (d) enige tekort wat in die bedryfsrekening mag ontstaan en wat na die oordeel van die Uitvoerende Direkteur geregverdig is.

(7) Whenever a dishonoured cheque is re-deposited or cash or a new cheque as replacement thereof is received, no receipt shall be issued, but the re-deposit shall be made on a separate deposit slip, clearly marked "re-deposit".

(8) Where a cash shortfall comes to light, the amount shall immediately be paid in by the responsible person, and a suitable entry shall be made in the book of account concerned: Provided that, if the council is of the opinion that the responsible person should not be held accountable for the shortfall, it shall be dealt with in terms of the provisions of paragraph 6 (1).

(9) Where any surplus in cash occurs the amount shall be accounted for without delay by the issuing of a receipt in the name of the principal of the school by the responsible person.

(10) At least once every week, a person designated in writing by the council and who is not the responsible person, shall check all moneys received to ensure that—

- (a) the cash on hand is correct;
- (b) no money which should have been deposited is held back;
- (c) a receipt has been issued for every cheque, bank draft, money order, postal order, or travellers' cheque included in a bank deposit;
- (d) such moneys where possible are deposited on the date of receipt, and any moneys not thus deposited, are deposited on the first following official working day, unless a deviation from this provision is approved by the council on account of factors such as the availability of banking facilities, facilities for the safe-keeping of the moneys and the economical use of transport;
- (e) the cash book is kept up to date daily, and is reconciled with the receipts issued and deposits made; and
- (f) the other provisions contained in these directions have been complied with.

(11) The cash book shall be balanced every month, reconciled with the bank statement and submitted to the person referred to in subparagraph (10) to be checked.

Expenditure

4. (1) The Department shall be responsible for the defrayal of the following expenses of a school:

- (a) The remuneration of staff employed by the Department;
- (b) the provision, maintenance and replacement of buildings and prefabricated buildings, in respect of the curricular and extra curricular activities of the school;
- (c) the provision, maintenance and replacement of equipment in respect of the curricular and extra curricular activities of the school; and
- (d) any deficiency which may occur in the operating account and which, in the opinion of the Executive Director is justified.

(2) Alle uitgawes soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Direkteur bepaal, ten opsigte van die bedryf van 'n skool met inbegrip van die aangeleenthede in subparagrafe (1) (b) en (1) (c) na verwys, word uit die bedryfsrekening bestry.

(3) Die raad stel jaarliks voor of op 31 Oktober 'n gespesifiseerde begroting van verwagte inkomste en uitgawes van die bedryfsrekening vir die komende boekjaar op en lê dit aan die Uitvoerende Direkteur voor vir goedkeuring.

(4) Geen uitgawe waarvoor nie in die begroting voorsiening gemaak is nie, word sonder die voorafverkreë goedkeuring van die raad aangegaan nie.

(5) Alle betalings uitgesonderd kleinkasbetalings geskied per tjek wat deur twee persone deur die raad daartoe gemagtig onderteken word.

(6) Die bankrekening van die bedryfsrekening mag nie oortrek word nie.

(7) 'n Tjek vir 'n bedrag deur die raad bepaal kan van tyd tot tyd getrek word vir kleinkas waaruit toevallike klein uitgawes betaal word.

(8) Alle uitgawes word gestaaf deur fakture of gesertifiseerde eise en word onverwyld te boek gestel.

Boekhouding

5. (1) 'n Persoon skriftelik deur die raad aangewys is verantwoordelik vir die algemene beheer oor alle rekeningaangeleenthede betreffende die bedryfsrekening asook vir—

- (a) die hou van boeke, aantekeninge en state waarin die besonderhede van alle ontvangste en uitgawes aangeteken word; en
- (b) die veilige bewaring van alle boeke, aantekeninge, state, bewysstukke en ander dokumente wat daarop betrekking het.

(2) Die boeke, aantekeninge en state moet op so 'n wyse gehou word dat die inkomste en uitgawes met betrekking tot die aangeleenthede in paragraaf 1 (c) bedoel, afsonderlik weergegee word sodat dit onderskei kan word van ander inkomste en uitgawes.

(3) Die boeke, aantekeninge en state van die bedryfsrekening word jaarliks deur 'n persoon wat ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), as rekenmeester en ouditeur geregistreer is, geouditeer: Met dien verstande dat indien die inkomste nie R30 000 per jaar oorskry nie die ouditering deur 'n beamppte in diens van die Departement deur die Uitvoerende Direkteur aangewys, gedoen kan word.

(4) Die raad moet na ontvangs van die verslag van die ouditeur of beamppte, na gelang van die geval, daardie verslag nie later nie as by die tweede daaropvolgende vergadering van die raad oorweeg en besluit watter regstellende stappe gedoen moet word indien enige onbevredigende aangeleentheid of onreëlmatighede uit die verslag blyk.

(5) Binne twee maande na die datum van die vergadering in subparagraaf (4) bedoel, lê die voorsitter van die raad 'n afskrif van die notule van daardie vergadering waarin die kommentaar van die raad aangaande die verslag vervat is en aangedui word watter stappe gedoen is of beoog word in verband met alle onbevredigende aangeleenthede of onreëlmatighede wat uit die verslag blyk, aan die Uitvoerende Direkteur voor, wat die verdere stappe kan doen wat hy nodig ag.

(2) All expenses as determined from time to time by the Executive Director, in respect of the operation of a school, including the matters referred to in subparagraphs (1) (b) and (1) (c), shall be defrayed from the operating account.

(3) The council shall annually on or before 31 October draw up a specified estimate of anticipated income and expenditure of the operating account for the coming financial year, and shall submit it to the Executive Director for approval.

(4) No expenditure for which no provision has been made in the estimates shall be incurred without the prior approval of the council.

(5) All payments excluding petty cash payments, shall be made by cheque, signed by two persons authorized thereto by the council.

(6) The bank account of the operating account may not be overdrawn.

(7) A cheque for an amount determined by the council, may from time to time be drawn for petty cash from which casual petty expenses shall be paid.

(8) All expenditure shall be substantiated by invoices or certified claims, and shall be recorded without delay.

Accounting

5. (1) A person designated in writing by the council shall be responsible for the general control of all accounting matters relating to the operating account, as well as for—

- (a) the keeping of books of account, records and statements in which particulars of all receipts and expenditure shall be recorded; and
- (b) the safe custody of all books of account, records, statements, vouchers and other documents relating thereto.

(2) The books of account, records and statements shall be kept in such a way that the revenue and expenditure in regard to the matters referred to in paragraph 1 (c), are reflected separately so that they can be distinguished from other revenue and expenditure.

(3) The books of account, records and statements of the operating account shall annually be audited by a person registered as an accountant and auditor in terms of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951): Provided that if the income does not exceed R30 000 per year, the auditing may be performed by an officer in the service of the Department, designated by the Executive Director.

(4) The council shall after receipt of the report of the auditor or officer, as the case may be, consider that report not later than at the second succeeding meeting of the council, and decide what corrective steps are to be taken should the report reveal any unsatisfactory matter or irregularity.

(5) Within two months after the date of the meeting referred to in subparagraph (4), the chairman of the council shall submit a copy of the minutes of that meeting containing the comments of the council in regard to the report and indicating what steps were taken or are to be taken in connection with all unsatisfactory matters or irregularities revealed by the report, to the Executive Director, who may take such further steps as he may deem necessary.

(6) Die raad moet so spoedig moontlik na die datum van die vergadering in subparagraaf (4) bedoel, afskrifte van die geouditeerde state en die verslag van die ouditeur of beampte, na gelang van die geval, aan die Ouditeur-generaal stuur wat enige verdere inligting wat hy benodig kan aanvra en enige verdere ondersoek wat hy nodig ag kan onderneem.

(7) Pligte anders as die uitvoering van 'n audit kan slegs deur die ouditeur uitgevoer word met die voorafgoedkeuring van die raad en besonderhede van sodanige pligte wat uitgevoer is, moet in die verslag van die ouditeur vervat word.

Prosedure in verband met verliese

6. (1) Behoudens die bepalings van paragraaf 3 (8) word enige verlies van gelde of ander bates van die bedryfsrekening onmiddellik deur die persoon in paragraaf 3 (10) bedoel gerapporteer aan—

- (a) die raad, tensy die verlies deur die persoon wat daarvoor verantwoordelik is, aangesuiwer is; en
- (b) die naaste polisiekantoor indien hy van mening is dat 'n strafregtelike oortreding begaan is.

(2) Na ontvangs van die rapport in subparagraaf (1) (a) bedoel, doen die raad die stappe wat hy nodig ag om die verlies te verhaal en verliese wat nie verhaal kan word nie, word deur die bedryfsrekening gedra.

Sluiting van skool

7. Wanneer 'n skool gesluit word moet enige kredietbalans in die bedryfsrekening, in die Inkomsterekening: Volksraad inbetaal word.

Funksies te vervul deur 'n ander liggaam

8. Ondanks die bepalings van hierdie voorskrifte kan die Uitvoerende Direkteur 'n skoolraads- of departementele kantoor magtig om die funksies te verrig wat 'n raad ingevolge die bepalings van hierdie voorskrifte verrig.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR

No. R. 1654 19 Junie 1992

REGULASIES BETREFFENDE KOLLEGERADE EN SENATE

VERBETERINGSKENNISGEWING

Goewermentskennisgewing No. R. 1407 van 29 Mei 1992 word hierby verbeter deur in regulasie 6 (1) (g) van die Bylae die woord "universiteit" deur die woord "provinsie" te vervang.

(19 Junie 1992)

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 1643 19 Junie 1992

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE No. 1 (No. 1/1/482)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. A. VAN WYK,

Adjunkminister van Finansies.

(6) The council shall, as soon as possible after the date of the meeting referred to in subparagraph (4), send copies of the audited statements and the report of the auditor or officer, as the case may be, to the Auditor-General, who may request any further information he may require and undertake any further investigation he may deem necessary.

(7) Duties other than the execution of an audit may only be performed by the auditor with the prior approval of the council, and details of such duties performed, shall be included in the report of the auditor.

Procedure in connection with losses

6. (1) Subject to the provisions of paragraph 3 (8), any loss of moneys or other assets of the operating account shall be reported immediately by the person referred to in paragraph 3 (10) to—

- (a) the council, unless the loss has been made good by the person responsible therefore; and
- (b) the nearest police station, if he is of the opinion that a criminal offence has been committed.

(2) After receipt of the report referred to in subparagraph (1) (a), the council shall take such steps as it may deem necessary to recover the loss, and losses not recovered shall be borne by the operating account.

Closure of school

7. When a school is closed, any credit balance in the operating account shall be paid into the Revenue Account: House of Assembly.

Functions to be performed by another body

8. Notwithstanding the provisions of these directions, the Executive Director may authorize a school board or departmental office to perform the functions which a council performs in terms of these directions.

DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

No. R. 1654 19 June 1992

REGULATIONS RELATING TO COLLEGE COUNCILS AND SENATES

CORRECTION NOTICE

Government Notice No. R. 1407 of 29 May 1992, is hereby corrected by the substitution for the word "universiteit" in the Afrikaans text of regulation 6 (1) (g) of the Schedule, of the word "provinsie".

(19 June 1992)

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 1643 19 June 1992

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE No.1 (No. 1/1/482)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

J. A. VAN WYK,

Deputy Minister of Finance.

BYLAE

Pos	Subpos	T. S.	Artikelbeskrywing	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg	Annotasies
44.07 "44.07			Deur pos No. 44.07 deur die volgende te vervang: Hout oorlangs gesaag of gekap, gesny of geskil, hetsy geskaaf, geskuur of met vingerlaste al dan nie, met 'n dikte van meer as 6 mm. Keëldraend:			
	4407.10					
	.10	8	Oorlangs gesaag of gekap, gesny of geskil, maar nie verder bewerk nie, met 'n waarde vir belastingdoel-eindes plus assuransië en vrag van hoogstens 3 180c/m ³	m ³	530c/m ³	
	.30	2	Oorlangs gesaag of gekap, gesny of geskil, maar nie verder bewerk nie, met 'n waarde vir belastingdoel-eindes plus assuransië en vrag van meer as 4 400c/m ³	m ³	vry	
	.90	6	Ander	m ³	20%	
4407.2 4407.21			Van die volgende tropiese houtsoorte: Donkerrooi Meranti, Ligrooi Meranti, Meranti Bakau, Wit Lauan, Wit Meranti, Wit Seraja, Geel Meranti, Alan, Keruing, Ramin, Kapur, Teak, Jongkong, Merbau, Jelutong en Kempas:			
	.10	9	Oorlangs gesaag of gekap, gesny of geskil, maar nie verder bewerk nie	m ³	vry	
	.90	7	Ander	m ³	20%	
4407.22		8	Okoumé, Obeche, Sapelli, Sipo, Acajou d'Afrique, Makoré, Iroko, Tiama, Mansonia, Ilomba, Dibétou, Limba en Azobé	m ³	vry	
4407.23 4407.9 4407.91		4	Baboen, Mahonie (<i>Swietenia spp.</i>), Embuia en Balsa Ander: Van eik (<i>Quercus spp.</i>):	m ³	vry	
	.10	0	Oorlangs gesaag of gekap, gesny of geskil, maar nie verder bewerk nie	m ³	vry	
	.90	9	Ander	m ³	20%	
4407.92		5	Van beuk (<i>Fagus spp.</i>)	m ³	vry	
4407.99			Ander:			
	.10	1	Oorlangs gesaag of gekap, gesny of geskil, maar nie verder bewerk nie	m ³	vry	
	.90	0	Ander	m ³	20%''	

Opmerking. — Pos No. 44.07 word herskryf.

SCHEDULE

Heading	Subheading	C. D.	Article Description	Statistical Unit	Rate of Duty	Annotations
44.07 "44.07			By the substitution for heading No. 44.07 of the following: Wood sawn or chipped lengthwise, sliced or peeled, whether or not planed, sanded or finger-jointed, of a thickness exceeding 6 mm. Coniferous:			
	4407.10					
	.10	8	Sawn or chipped lengthwise, sliced or peeled, but not further prepared, of a value for duty purposes plus insurance and freight not exceeding 3 180c/m ³	m ³	530c/m ³	
	.30	2	Sawn or chipped lengthwise, sliced or peeled, but not further prepared, of a value for duty purposes plus insurance and freight not exceeding 4 400c/m ³	m ³	free	
	.90	6	Other	m ³	20%	
4407.2 4407.21			Of the following tropical woods: Dark Red Meranti, Light Red Meranti, Meranti Bakau, White Lauan, White Meranti, White Seraya, Yellow Meranti, Alan, Keruing, Ramin, Kapur, Teak, Jongkong, Merbau, Jelutong and Kempas:			
	.10	9	Sawn or chipped lengthwise, sliced or peeled, but not further prepared	m ³	free	
	.90	7	Other	m ³	20%	

Heading	Subheading	C. D.	Article Description	Statistical Unit	Rate of Duty	Annotations
	4407.22	8	Okoumé, Obeche, Sapelli, Sipo, Acajou d'Afrique, Makoré, Iroko, Tiama, Mansonia, Ilomba, Dibétou, Limba and Azobé	m³	free	
	4407.23	4	Baboén, Mahogany (<i>Swietenia spp.</i>), Imbuia and Balsa	m³	free	
	4407.9		Other:			
	4407.91		Of oak (<i>Quercus spp.</i>):			
	.10	0	Swan or chipped lengthwise, sliced or peeled, but not further prepared	m³	free	
	.90	9	Other	m³	20%	
	4407.92	5	Of beech (<i>Fagus spp.</i>)	m³	free	
	4407.99		Other:			
	.10	1	Sawn or chipped lengthwise, sliced or peeled, but not further prepared			
	.90	0	Other	m³	20%	

Note.—Heading No. 44.07 is restated.

No. R. 1644**19 Junie 1992**

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/4/483)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. A. VAN WYK,

Adjunkminister van Finansies.

No. R. 1644**19 June 1992**

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/4/483)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

J. A. VAN WYK,

Deputy Minister of Finance.

BYLAE

Pos	Subpos	T. S.	Artikelbeskrywing	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg	Annotasies
